Lewende Woord Delmas

Môrester Gemeente

Past. Wouter van der Merwe
Posbus / P O Box 1459
Delmas, 2210

Tel: 013 665 5678
Faks/Fax: 013 665 5858
E-Pos/E-mail: kerk@lewendewoorddelmas.co.za

1 Maart 2010

Ons gaan huise bou in Delmas!!!!!! Huise vir Afrika!!!!!!!!!

Hoe het dit gebeur? Campus Outreach is ‘n groep wat Sunvalley oorgekoop het. Campus Outreach het ’n Studente bediening by die Universiteit van Johannesburg en Tukkies waar hul dan ook met ‘Cross Cultural Community Projects’ begin het en studente van die VSA jaarliks hier akkomodeer.

Wouter stel Neal Gooch van Campus Outreach voor aan die Pastore van Botleng. Wouter deel hul visie aan Neal dat hul vir die Here gevra het om Delmas ’n voorbeeld vir die res van Afrika te maak. Daarna het Neal vir Steve Horrex by die lughawe ontmoet en Steve deel sy visie om huise te bou en dat Amor soek plek om hierdie huise te bou as ’n voorbeeld vir die res van Afrika. Neal stel toe vir Steve voor aan die Botleng Pastors aangesien hierdie twee partye dieselfde visie deel. So is ABC Partnership gebore.
A – Amor (Beteken liefde in Spaans)
B - Botleng Pastors
C – Campus Outreach

Amor het reeds oor ‘n tydperk van 30 jaar ongeveer 20 000 huise oor Mexico en omgewing gebou en wil nou in Afrika begin bou. Onderleiding van Steve Horrex kom 75 vrywilligers vanuit Amerika en Europa tussen 24 en 31 Julie om 5 huise in Botleng te bou vir gesinne wat deur Botleng Pastore geidentifiseer is.

Hierdie groep gaan op die gronde van Campus Outreach bly, Ebenezer farm (Sunvalley). Campus Outreach stuur ook ’n groep van ongeveer 30 Amerikaanse studente saam met ’n groep van die Universiteit van Johannesburg en later ’n groep van Tukkies vir die voorbereidingswerk in Julie (24-31 Julie), en die finaliseringswerk in September (22-26 September).

Ons wil ’n beroep doen op Delmas, Botleng en veral die kerke om deel te wees van die bouery en/of kos gee vir die bouers. **Gebed vir hierdie projek en vir die toekoms vir nog huise wat in Delmas gebou moet word sal waardeer word.**

Vir enige navrae kontak asseblief Wouter van der Merwe by 0836538126.

Groete in Christus
Wouter van der Merwe